First CGA CITRUS SUMMIT 11-12 March 2015

Citrus Growers' Association of Southern Africa
Grower levies working for you!

# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (1/15)

*Justin Chadwick (23 Januarie 2015)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "If you drink, don't drive. Don't even putt" Dean Martin***

## NUWE INVOERVEREISTES VIR SITRUS NA MALEISIë

Maleisië het hul invoervereistes vir sitrus gewysig wat 'n invloed op Suid-Afrikaanse verskepings in 2015 sal hê. Alle uitvoerders sal nou 'n invoerpermit, fitosanitêre sertifikaat, kwarantynsertifikaat en inspeksie deur DAFF benodig (en moontlik ook 'n inspeksie met aankoms in Maleisië).

## MINIMUM LONE VIR PLAASWERKERS

Produsente moet kennis neem van die nuwe minimum lone wat vanaf 1 Maart 2015 van krag sal wees. Die maandelikse tarief het van R2 402.41 tot R2 606.78 verhoog; die weeklikse tarief van R558.60 tot R601.61; die daaglikse tarief (vir 'n werknemer wat vir 9 ure op 'n dag werk) van R111.72 tot R120.32; en die tarief per uur van R12.41 tot R13.37.

## SITRUS SUMMIT 2015 – GENIET 'n RONDTE GHOLF

Die CGA is besig om 'n gholfdag vir die dag voor die Sitrus Summit (10 Maart 2015) by the wêreldbekende Hans Merensky Golfbaan te reël – die webblad beskryf die ondervinding soos volg - *Tee off on the wild side at Hans Merensky Golf Course near the Phalaborwa Gate of Kruger National Park. The renowned course has a unique bushveld atmosphere and it's not uncommon for visitors to share their golf experience with resident giraffe, hippo, crocodile and other wildlife! Designed by Bob Grimsdell, the 18-hole par 72 championship golf course has been voted as the best walking course in the country. It also recently received the Diamond Arrow Award for being the highest rated golf course in the Limpopo.*


Dit is ook 'n geleentheid vir diensverskaffers om hul sitrus kliënte vir 'n dag van gholf te borg – borg 'n vierbal en sluit by hul aan op die baan.

Vir meer inligting kontak Fanie Meyer meyerf@mweb.co.za /082 8559949 of Robert Miller robertm@cga.co.za / 031 7652514.

Sitrus Summit (geborg deur Standard Bank) se registrasies geskied nou vinnig. Met baie produsente wat nou eers hul e-posse lees is daar besluit om die registrasiefooi (R1 000 per afgevaardigde) tot Maandag 16 Februarie te verleng (daarna sal die fooie verhoog na R1 500). Alle inligting is beskikbaar by www.cga.co.za

## FLORIDA SITRUSPRODUKSIE

Volumes van produksie van lemoene in Florida het met 63% sedert sy hoogtepunt,'n dekade gelede, afgeneem (volgens 'n artikel in Freshplaza). Net so het die volumes van pomelo's ook oor die laaste tien jaar gehalveer. Die ondergang is toe te skryf aan 'n kombinasie van siektes (sitrusvergroening en kanker), gure weer (koues en orkane) en eiendomsontwikkeling. Amerikaners het ook hul inname van sitrus sappe verminder – van 5.49 gelling per persoon per jaar in 2003/4 na 3.95 gelling in 2012/13.




**Produsente in suider-Afrika het in hul toekoms belê deur die stigting en voortgesette befondsing van die CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC en CITRUS ACADEMY**